LUG JOU MENING

UITNODIGING VIR OPENBARE VOORLEGGINGS

AIR TRAFFIC AND NAVIGATION SERVICES COMPANY AMENDMENT BILL [B 6 - 2018]

Die Portefeuljekomitee oor Vervoer nooi belangstellende persone en belanghebbendes uit om skriftelike kommentaar te lewer oor die Air Traffic and Navigation Services Company Amendment Bill [B 6 - 2018].

Die wetsontwerp het ten doel om die Lugverkeer- en -navigasiedienstemaatskappywet, 1993, te wysig ten einde nuwe omskrywings in te voeg; voorsiening te maak vir 'n filiaal om funksies binne en buite die Republiek te verrig; om voorsiening te maak vir appèlle teen die besluite van die regulerende komitee; om voorsiening te maak vir oortredings en boetes; om sekere uitdrukkings, aanhalings en woorde te vervang; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee verband hou.

Navrae, sowel as skriftelike voorleggings, kan gestuur word aan die Portefeuljekomitee oor Vervoer (Aandag: Valerie Carelse), 3de vloer, W/S 3/79, Pleinstraat 90, Kaapstad 8001, of per e-pos aan vcarelse@parliament.gov.za gestuur word. Benewens die skriftelike kommentaar, dui asseblief aan of u belangstel om 'n mondelinge voorlegging vir die komitee te doen.

Die sluitingsdatum vir voorleggings is 15 Januarie 2019.

Afskrifte van die wetsontwerp kan verkry word by Valerie Carelse by tel: 021 403 3272, sel 083 709 8445 of www.parliament.gov.za

Uitgereik deur me DP Magadzi, LP, Voorsitter van die Portefeuljekomitee oor Vervoer

Parliament. Making Democracy Work.

www.ayandambanga.co.za RAPPORT AFR 135209 www.thecandocompany.co.za